**EEDSVERKLARING**

Ek, die ondergetekende,

**WILLEM JOHANNES MARITZ**

verklaar hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is 'n volwasse man, met identiteitnommer 6109085051087, woonagtig te Strand Kaapstad en is van beroep 'n Tuinboukundige werksaam te Helderberg area.

2. Ek het op Sondag 5 Augustus 2018 'n berig op Rapport se voorblad gelees waarin onder andere beweer is dat 'n lewende, maar ongenoemde minister in die tagtigerjare deel van 'n pedofiel kring was wat wandade met minderjarige seuns op Bird Island sou gepleeg het.

3. In dieselfde berig en ook daarna in ander mediaberigte, is daardie ongenoemde minister op so 'n duidelike indirekte wyse beskryf dat ek dadelik besef het daar word na mnr Barend du Plessis verwys. Hierdie feit het my hewig ontstel omdat ek onmiddelik besef het die berig is 'n infame leuen aangesien ek toevallig self gedurende daardie betrokke week op Bird Island was en daar hoegenaamd geen van die genoemde gebeure daar plaasgevind het nie, soos ek dit hierna sal verduidelik.

4. Ek ken mnr Barend du Plessis al langer as 40 jaar lank en het saam met sy seun Jean skoolgegaan – ons was saam in die koshuis in Hoerskool Monument ( Jean was Hoofseun van ons skool ) in Krugersdorp en ons het oor en weer by hulle gekuier. Ons was ook saam in Florida Laerskool.

5. My ontsteltenis oor die Rapportberig was so intens dat ek daardie selfde dag nog Rapport gebel het en, as ek reg onthou, met ene mnr Llewellyn Prince gepraat het. Ek het hewig beswaar oor die berig gemaak; dit duidelik gestel dat die bewering 'n leuen is omdat ek self daardie week op Bird Island was en daar niks van die aard daar plaasgevind het nie en het aangebied om aan hulle inligting te verskaf wat die beskuldigings na mnr du Plessis lynreg sou weerspreek.

6. Mnr Prince het belowe dat hy die beswaar en aanbod sou opvolg en my sou terugskakel, wat hy egter nooit gedoen het nie.

7. Ek het ná my diensplig die graad B Sc in 1985 aan die Universiteit van Pretoria voltooi en daarna na Port Elizabeth verhuis waar ek aan die einde van 1988 die graad B Sc (Hons) aan die Port Elizabeth Universiteit verwerf het met fokus op mariene biologie.

8. Tydens my studies in Port Elizabeth van 1986 tot 1988 is onder andere van my vereis dat ek navorsing op Bird Island doen, waar groot kolonies malgasse en pikkewyne gebly en gebroei het en wat deel van die onderwerp van my studies was.

9. Ek het elke ses weke vir 'n week lank (Maandag tot Vrydag) saam met die span wat instandhoudingswerk aan die ligtoring op die eiland gedoen het, vanaf Port Elizabeth per helikopter na die eiland gevlieg en is weer per helikopter terug na Port Elizabeth.

10. Tydens een van my gemelde besoeke aan Bird Island in Desember 1986, het daar 'n aantal gaste per militêre helikopter op die eiland aangekom. Mnr Barend du Plessis was een van die gaste en hy en ek het mekaar dadelik herken. Daar was ook paar ander gaste. Min. John Whyley , Genl. Magnus Malan en iemand van Swellendam. Ek kan nie sy naam onthou nie,

11. Mnr du Plessis en ek het lekker oor die ou dae gesels en het heelwat tyd in mekaar se geselskap deurgebring, want mnr du Plessis wou onder andere graag meer van my navorsing weet en ook van visvang op die eiland.

12. Mnr du Plessis het in die bungalow langs myne geslaap.

13. Die gaste het baie gekuier en ook gehengel van die eiland af en ook van 'n motorboot af. Mnr du Plessis het 'n paar mooi visse gevang en was in sy noppies daaroor.

14. Daar was geen seuns op die eiland nie en geen gebeure het plaasgevind soos dit valslik in Rapport gepubliseer is nie.

15. Van die talle kere (1986 tot 1988 ) wat ek op Bird island was, het ek mnr du Plessis slegs daardie een keer daar raakgeloop.

[signature]
DEPONENT

ALDUS BEËDIG EN ONDERTEKEN VOOR MY OP DIE 28 DAG VAN MAART 2019 TE Somerset Wes DEUR DIE DEPONENT WAT VERKLAAR HET DAT HY VERTROUD IS MET DIE FIETE IN HIERDIE SAAK; DAT HY DIE EED AS BINDEND OP SY GEWETE BESKOU EN GEEN BESWAAR HET TEEN DIE AFLEGGING VAN DIE EED NIE. DAAROP HET HY GESê: "EK SWEER DIS DIE WAARHEID. SO HELP MY GOD."

[signature] CST

---------------------------------

KOMMISSARIS VAN EDE

Amp CST

Naam Deyi

Gebied Somerset West

Adres Somerset SAPS

COMMUNITY SERVICE CENTRE
28 MAR 2019
SOMERSET WEST
AMAPOLISA OMZANTSHI AFRICA